

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 bladsy 1 van 4

TUISWERK vir die week 8 - 12 Junie 2020

Plak asb die notas in jou taalboek!

Maandag 8 Junie:

Prosa - Volksverhale: Lees in jou Platinum **LEESboek** die verhaal: **Waarom skilpad se dop soos 'n legkaart lyk** op bl. 89 en doen dan vrae 1 - 6 op bl. 93

Dinsdag 9 Junie en **Woensdag** 10 Junie:

Stelwerk : 'n Verslag. Lees die verduidelikings in jou Platinum **TAALboek**, bl. 40 en doen dan aktiwiteit 10, bl. 40 - 41.

Donderdag 11 Junie: Visuele teks: Begripstoets : Lees die onderstaande aantekeninge oor spot- en strokiesprente, kyk dan na die spotprent hieronder en beantwoord die vrae.

Vrydag 12 Junie:

Prosa - Lees Suurlemoen bl. 90 - 94 en doen die vrae oor hfst. 28 en 29.

Spot- en strokiesprente

Ons leef in 'n baie visuele wêreld en het daagliks te doen met beeldmateriaal. Hierdie beeldmateriaal dra inligting oor deur middel van teks, maar ook deur die beeld self.

Spot- en strokiesprente val onder hierdie beeldmateriaal.

Spotprente ("Cartoons")

Die naam is baie beskrywend, want 'n spotprent spot, terg of koggel. Hulle kan selfs beledigend wees en mense belaglik voorstel. Hulle lewer kommentaar op persone of gebeure wat in die nuus is en het daarom hulle grootste belang in die hede. Spotprente kan ten doel hê om te vermaak of om skerp, bytende kommentaar op gebeure of 'n persoon te lewer en het as doel om openbare mening te beïnvloed. Hulle is dan ook meestal in die vorm van een prentjie,

Strokiesprente ("Comic strips")

Weereens sê die naam wat dit is - 'n storie wat deur 'n reeks (=strokie) prente vertel word. Hulle kan ook heel dikwels komies wees en party dien ook om sosiale kommentaar te lewer en/of die spot te dryf. 'n Strokiesprent bestaan uit 'n paar opeenvolgende prentjies (of raampies) waarin die storie ontwikkel word. Dit moet nie verwar word met 'n strokiesverhaal ("comic book") nie.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 bladsy 2 van 4

Beide spot- en strokiesprente het gewoonlik:

1. Karakters

- 1.1 Hulle praat en die woorde word as teks aangedui.
- 1.2 Hulle gesigsuitdrukkings en gelaatstrekke verklap wat hulle dink en voel.
- 1.3 Ook hulle lyftaal kan baie oordra van wat hulle dink of voel.
- 1.4 Uit bogenoemde kan emosie spreek - hoe hulle voel.
- 1.5 Stereotipering is baie algemeen.

(Bogenoemde is belangrik, want dit help dat die tekenaar so min woord as moontlik hoef te gebruik. Die res "lees" die leser uit die karakters.)

2. Ruimte

- 2.1 Plek - Waar speel die toneel af?
- 2.2 Tyd - Wanneer speel dit af?
- 2.3 Voorgrond - die voorste deel van die toneel wat geskets word.
- 2.4 Middelgrond - dit is wat tussen die voor- en agtergrond is.
- 2.5 Agtergrond - dit is die heel agterste deel van die prentjie, soos byvoorbeeld berge en wolke wat deur 'n venster gesien kan word.
- 2.6 Karakters tree gewoonlik in die voor- en middelgrond op terwyl die agtergrond help met konteks en stemming.
- 2.7 Fokuspunt - daardie deel van die prent wat jou oog vang en jou aandag trek.
- 2.8 Deur verskillende gronde te gebruik, verky die tekenaar die illusie (skyn) van diepte.

3. Aksie

- 2.1 Dit wat die karakters doen en hoekom hulle dit doen.
- 2.2 Bewegingstrepe. Die prent is staties, met ander woorde niks kan beweeg nie. Beweging word daarom op 'n slim manier met behulp van strepies aangedui.

4. Boodskap

Enige spot- en strokiesprent het ten doel om 'n boodskap oor te dra. Die vraag is wat is die boodskap, is dit satiries (bytende spot), is dit bloot komies (grappig) of probeer dit die draak steek?

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 bladsy 3 van 4

5. Uitleg

5.1 Dit beteken wat word deur die tekenaar waar geplaas, want dit bepaal onder andere die fokuspunt.

5.2 Dit bepaal ook hoe die kyker die prent sien.

5.3 Dit kan byvoorbeeld 'n toneel van ver of van naby vertoon of uit 'n spesifieke hoek.

5.4 Die tekenaar se naam verskyn gewoonlik iewers in 'n hoek.

6. Teks

6.1 Woorde is beperk en moet dus treffend wees.

6.2. Dialoog (spraak) kom in spraakborrels. Vorm van die borrel kan die toon aandui.

6.3 Gedagtes kom in denkborrels (lyk soos 'n wolkie).

6.4 Taal pas by die karakters - spreektaal, sleng of formeel.

6.5 Leesstekens help om die stemming en toon aan te dui.

6.6 Hoe die letters gedruk is, help ook om die toon en volume aan te dui.

(Met erkenning aan Jomarie Nel)

BEGRIPSTOETS : Visuele begrip

Lees eers die meegaande notas oor spotprente. Kyk dan mooi na die spotprent hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg:



VRAE:

1. Beskryf wat jy in die voorgrond van die prent sien.
2. Wat is in die middelgrond?
3. Wat is op die agtergrond?
4. Waarmee is die vrou besig? Noem drie goed.
5. Wat sê haar gesigsuitdrukking vir jou?
6. En die worshondjie s'n?
7. Waar speel die toneel hom af (= die ruimte)?
8. Bespreek kortliks die tyd en omstandighede wanneer die spotprent afspeel.
9. Hierdie spotprent steek die draak met die omstandighede in vraag 7, maar lewer ook op 'n subtiële (bedekte) wyse kommentaar oor die rolle van mans en vrouens in ons gemeenskap. Verduidelik hierdie stelling.
10. Die muis in die linkerhoek lewer ook kommentaar: "Hy vat dit maar baie swaar." Dit is 'n woordspeling. Verklaar waarop die muis skimp.
11. Wat is die boodskap van die prent?